

Dinsdag 4 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 1

Fokusgedeelte: 1 Konings 1:9-10, 30-32

Soek eers die Koninkryk van God!

Wat 'n begeerlike koninkryk sou Dawid nalaat! Israel se grondgebied is tot sy maksimum uitgebrei, al die omliggende volkere het die knie voor Dawid en sy helde gebuig, Israel is op 'n absolute finansiële hoogtepunt! Dawid se opvolger sou net kon instap en die voorspoed waarvoor Dawid met sy sweet en bloed gesorg het, kon geniet!

Geen wonder nie dat Adonia die geleentheid wou aangryp om die opvolging van Dawid in sy guns te probeer swaai. Selfs om agterbaks en slinks op te tree sou elke sent uiteindelik die moeite werd maak.

Hy probeer om alles so wettig te laat lyk: hy kry Joab, Dawid se leërowerste, aan sy kant. Ook die priester Abjatar, wat hom destyds by Dawid geskaar het toe hy vir Saul gevlug het, kry hy aan sy kant – Abjatar aan wie Dawid lewenslank beskerming verleen het ...

Die kroningsfees is gereed, die heerlikste kos is in oorfloed en die belangrikste en mees invloedryke mense is daar! Maar God is nie daar nie ... Want die priester van God vir daardie tyd, Sadok, was nie genooi nie – en die profeet van God vir daardie tyd, Natan, was nie genooi nie ... God was nie genooi nie!

In die Ou Testament, die belofte-testament, het God sy regspraak, sy oordeel, sy beloftes, sy seën altyd gegee waar Hy self in sy geroepe en gesalfde diensknegte teenwoordig was. Sonder hulle, was sonder God!

Dit gebeur wanneer mense in hulle dwaasheid en selfsug en eie eer wil indring waar hulle nie hoort nie! Ons kan ons maar net indink wat sou gebeur as Adonia koning geword het. Geweld, korrupsie, grootskaalse wetteloosheid

...

Die HERE laat Hom en sy wil egter nie stuit nie! Hy wil in die opvolging van Dawid, die man na God se hart, die vinger na die verre toekoms laat wys: Eenmaal sal daar Een kom in Wie Koning, Priester en Profeet sal saamtrek! (Kyk ook HK Sondag 12.)

Nie eie menslike plannetjies nie, maar gehoorsaamheid aan God! Dit vra ons HERE van elkeen van sy kinders in ons alledaagse lewe, in ons besluite, in ons lééf van die evangelie. Soek eers die Koninkryk van God, waarvan Jesus die Koning van alle konings is, en sy geregtigheid, sy wil ... en al die ander dinge sal vir jou bygevoeg word (Matt. 6:33).

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)